# SÊ JOU SÊ!
# ’N KONSEPSTRATEGIE VIR ERFENISHULPBRONBESTUUR VIR DIE STAD KAAPSTAD

Die Stad Kaapstad (die Stad) stel ’n hersiene strategie vir erfenishulpbronbestuur voor om die bestuur en bewaring van erfenishulpbronne op munisipale vlak ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, te rig.

**Die konsepstrategie beoog om erfenisbestuur in die stad te versterk deur:**
- erfenisbestuur met munisipale beplanningsprosesse te integreer;
- gepaste vlakke van beskerming vir bewaringswaardige erfenishulpbronne in te stel;
- administratiewe ondoeltreffendheid en onnodige duplisering tussen erfenisgoedkeuringsprosesse te verminder; en
- die rol van erfenis in ekonomiese groei, openbare voordeel en omgewingsvolhoubaarheid te ondersteun.

Die konsepstrategie erken dat erfenis nie net oor die verlede gaan nie, maar ook oor hoe Kaapstad oor tyd groei, ontwikkel en sy unieke identiteit behou.

Die konsepstrategie strook met tersaaklike nasionale en provinsiale wetgewing en ondersteun die Stad se algemener beplanning- en ontwikkelingsdoelwitte.

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, dat die publiek en belangstellende partye of groepe geleentheid het om van 17 Augustus tot 17 September 2026 hulle kommentaar by die munisipaliteit in te dien.

**Kommentaar, bydraes en aanbevelings kan op enige van die volgende maniere ingedien word:**
- E-pos: Heritage@capetown.gov.za
- Aanlyn: www.capetown.gov.za/haveyoursay of www.capetown.gov.za/collaborate
- Skriftelike voorleggings: Subraadskantore en Stadsbiblioteke

https://tinyurl.com/HSPP2026

Skandeer die QR-kode om aan te sluit by die aanlyn inligtingsessie op Donderdag 27 Augustus 2026 om 18:30-20:30.

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal persone met gestremdhede en diegene wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, bystaan om hulle kommentaar neer te skryf en by die Stad in te dien.

Kontak Anthea Bendie van die eenheid vir openbare deelname by 021 400 1450 of Anthea.Bendie@capetown.gov.za vir enige vrae oor hoe om jou kommentaar in te dien.

**Navrae oor die konsepstrategie vir erfenishulpbronbestuur kan gerig word aan: Heritage@capetown.gov.za.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA151/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.